# DIE ROL WAT 'N MEDIKUS BUITE SY BEROEP IN SY GEMEENSKAP VERVUL*

J. A. DIEPERINK, M.B., CH.B.

Vanaf die vroegste tyd in ons lands- en mediese geskiedenis, het medici voetspore nagelaat op die sg. Pad van Suid-Afrika en op verskeie terreine bygedra tot die ontwikkeling van ons land.

Selfs met die stigting van die Blanke beskawing aan die suidelike uithoek van Afrika, is die aanvanklike verantwoordelikheid in die hande gelaat van Suid-Afrika se eerste geneesheer, nl. ‚Dokter' Jan van Riebeeck. Hy was die eerste van verskeie uitstaande persone wat onbeskeie bygedra het om in sfere buite die mediese kringe, die verloop van ons geskiedenis te beïnvloed.


Dr. Dieperink

Ons onthou sulke name soos Stanger, Van der Kemp, Jameson, Barry en nie die minste, Banda . . . elkeen wat op 'n besondere wyse bygedra het en spore nagelaat het . . . soms diep, soms vlak en soms modderig. Om nader na ons eie provinsiale geskiedenis terug te keer, moet ons die eerste mediese wetgewing wat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat gepubliseer is naslaan om te vind dat eers in 1864, d.w.s. *een eeu* gelede, die volgende besluit deur die Volksraad goedgekeur is:

> '. . . geen Geneesheer, Sjirurg of accoucheur mag in die Republiek praktiseren, alvorens hy nie een bevredigend diploma kan toon om te bewyse dat hy sy eksamens in een Europese Mediese Skool geslaagd het nie, of alternatief, dat hy in de Kaap Kolonie of Kolonie van Natal gelisensieer was om te praktisere nie . . .'

In dié jaar, 1864, was daar reeds 14 ‚geneesheren' waarvan slegs 6 kon voldoen aan die vermelde vereistes van die Proklamasie—'n toestand wat ons selfs tot vandag nog moet verduur. Alhoewel geskiedenis ten beste van tye vervelig mag wees in die neiging om te herhaal of om aangehaal te word, is dit moontlik hier van pas om ons voorlopers in hierdie Provinsie se name te noem en om hulle sodoende in hierdie ‚Eeufees-jaar' te vereer:

C. J. G. Krause 1856
B. Poortman 1857 (K)
C. W. Neebe 1859 (K)
E. W. Nordblad 1860
F. W. Kryuncziessa 1861
J. J. van Ellinckhuizen 1861
Jean-Pierre Pellisier 1861
G. G. S. Coward 1863 (K)
J. N. Eagle 1863 (K)
S. J. Meintjies 1863 (K)
J. Boeye 1863
W. Mawley 1863
B. O. Kellner 1863 (K)
P. J. Heusterman 1863

Datums verwys na eerste jaar van praktisering. (K) = kwalifiseer.

Van hierdie eerwaardige kollegiale voorvaders, het elkeen, sonder enige tekens van beskeidenheid, met of sonder die nodige diplomas, sy bydrae gelewer tot die fondamente van die mediese beroep in die Oranje-Vrystaat. Die geskiedenis vertel ons dat elkeen van hulle hul laat geld het in die destydse samelewing waarin hulle gedien het—so vind u dat sommige van hulle volksraadslede was; terwyl ander bygedra het tot die plaaslike ontwikkeling van die gemeenskap, hospitale help stig het, of in die onderwys, of selfs in die geregswese, veral in tye van oorloë, prominent op die voorgrond getree het. In die primêre landbouaktiwiteite het hulle bygedra met hul pogings om te boer.

Liefdadigheidsorganisasies wat vandag nog bestaan, het destyds van hierdie manne se name op lede- en komiteelyste getoon. So kan die letterkundige, geologiese, wetenskaplike, kulturele, industriële, kerklike en staatkundige vertakkings van die samelewing toon dat 14 ‚geneesheren' hul rol gespeel het met of sonder inagneming van hul mediese verpligtinge!

Om tot die huidige tydstip in ons mediese geskiedenis terug te keer, weet elkeen van verskeie van ons kollegas wat prominent en selfs onbaatsugtig optree in elk van die genoemde sfere en selfs toonaangewende en voorbeeldige landsburgers was of is.

Hoekom is dit dat waar u ookal 'n kollega in 'n gemeenskap teëkom, u sal vind dat hy of sy ook dien in 'n sfeer buite die mediese beroep? Is dit 'n uiting van vaderlandsliefde of morele regverdiging of selfs geskiedkundige deugde van leierskap, eerder as materialistiese nywer? Ons hoop en vertrou so!

Ten spyte van die veelbesproke welvarendheid van die mediese beroep, sowel as die sosialistiese bedreiging daarvan, is dit nog 'n deug om ander belange te behartig (en moontlik onselfsugtige bedoelings na te streef)—as daardeur bygedra word tot die gemeenskaplike bestendigheid en ekonomiese vooruitgang van die gemeenskap!

Om dié rede en omdat die samelewing nie alleen na die geneesheer gaan met hul gesondheidsprobleme nie, is dit van groot belang dat daar in die ekonomie, kultuur, onderwys, landbou en selfs staatkundige terreine mediese praktisyns gevind word.

Verleen dit nie 'n dieper gevoel van deelname in die samelewing se voorspoed wanneer die kollegas op sulke ‚ongeoorloofde' terreine toetree nie?

Sonder aarseling moet ons erken dat dit nie alleen geoorloof is nie, maar ook verwag indien daaruit gemeenskaplike voordeel spruit.

Nou mag die vraag pertinent gestel word of die primêre beroep nie deur hierdie optrede benadeel word nie. Gewis *ja*! Wanneer die genoemde sekondêre aktiwiteite die primêre oorskadu en benadeel, sal dit nie beter wees as daar 'n breuk ontstaan nie? Weer eens antwoord ek bevestigend.

Om tot die onmiddellike, huidige en finale konkrete toestand van sake terug te keer, kan ons die huishoudelike sake van ons Afdeling in oënskou neem en die genoemde vrae persoonlik beantwoord of gaan stel aan die gros van afwesiges of afvalliges of onbelangstellendes wat vandag en in die verlede afwesig is wanneer hulle teenwoordigheid sou bydra tot suksesvolle *esprit de corps* en verryking deur onderlinge samesprekings en besprekings, met gemeenskaplike vooruitgang van die mediese beroep as sulks, en in besonder tot die voordeel van hul pasiënte sou strek.

'n Gesonde kern van gemiddeld 17 lede van hierdie Afdeling wat bestaan uit 69 ingeskrewe lede woon een of twee, of selfs as daar soveel aangebied word, vier, byeenkomste of vergaderings van die Afdeling by per jaar. Het hierdie kern nie ook ander belangrike belangstellings wat hul aandag vereis nie? Die Mediese Vereniging van Suid-Afrika bied vir elke groep van die beroep 'n geleentheid om hulself wetenskaplik te verryk deur hulself uit te lewe in die sake van die mediese wêreld—maar wat vind ons? Skokkende apatie en afsydigheid!

Mag ons dit toeskryf aan 'n steriele beskeidenheid?

Mag ek een wens uitspreek en moontlik een saadjie saai wat kan bemes word, natgelei en vertroetel word, nl. *vernietig alle moontlike tekens van beskeidenheid* en tree op soos in die verlede om 'n aanmoedigende voorbeeld vir die afvalliges te wees!

> *'Pray God that we may never fail*
> *Through craven fear of being great . . .'*

Vir die verwysings na die geskiedenis word aangehaal uit *A History of Medicine in South Africa*, deur 'n kollega, dr. E. H. Burrows.

*Presidentsrede gelewer op 13 Februarie 1965 in Bethlehem tydens die Jaarvergadering van die Noord-Oostelike Afdeling van die Tak Oranje-Vrystaat (M.V.S.A.).